Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 8 JUNIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter spreek sy medelye uit teenoor die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, met die afsterwe van sy skoonsuster.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 MEI 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Mei 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 1 JUNIE 2016

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon die feit dat daar so spoedig moontlik 'n aanvang geneem moet word met die administratiewe prosesse rondom die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) ingevolge die Prosesplan.

Alhoewel advies vanaf Provinsie, ingevolge 'n regsopinie, daarop dui dat die GOP Prosesplan deur die 'nuwe' munisipale raad goedgekeur moet word, verhoed dit nie die munisipaliteit om na beginselgoedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee met 'n publieke deelnameproses te begin nie.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die publieke deelnameproses sal loop tot na die 'nuwe' munisipale raad ook die GOP Prosesplan in beginsel goedgekeur het, waarna dit einde Augustus vir finale goedkeuring voorgelê sal word. Voormelde sal dan ook vir die 'nuwe' Raad geleentheid gee om met die publiek in die verband te konsulteer.

BESLUIT

(a) Dat die konsep Prosesplan ten opsigte van die opstel van die 2017-2022 GOP vir Swartland in terme van artikel 28 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) in beginsel goedgekeur word;

(b) Dat die insette en kommentaar van die plaaslike gemeenskap op die konsep Prosesplan verkry word;

(c) Dat die konsep GOP Prosesplan in Augustus 2016 vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê word; en

(d) Dat daar kennis geneem word dat die integrering van die ROR-opstel/hersieningsproses in terme van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) gedoen word **voor** bogenoemde voorlegging van die Prosesplan in Augustus 2016.

7.2/...

7.2 WYSIGINGS AAN DIE 2015/2016 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2de Aansuiweringsbegroting wat op 26 Mei 2016 voor die Raad gedien het, vereis dat die SDBIP dienooreenkomstig aangepas word.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2015/2016 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.3 VOORLEGGING VAN 2016/2017 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/4/2)

Artikel 69 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die prestasie-ooreenkomste binne 14 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word.

Die prestasie-ooreenkomste is opgestel in terme van artikel 57 van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000).

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag met aanhangsels en enkele prestasie-areas en -teikens word uitgelig om die omvattenheid en belangrikheid daarvan te beklemtoon, ten einde uitvoering aan die doelwitte van die GOP te gee.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en –planne vir die 2016/2017 finansiële jaar.

7.4 VOORLEGGING VAN DIE 2016/2017 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (2/1/4/4/1)

Artikel 53 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die munisipaliteit se SDBIP binne 28 dae na die goedkeuring van die begroting deur die burgemeester goedgekeur word.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die onderskeie komponente waaruit 'n SDBIP moet bestaan. Met verwysing na projeknommer – pj-14-0037 - Sport: Projects: MIG-funding: R9 502 800,00 – noem mnr Scholtz dat die vestiging van sportgronde op Chatsworth moontlik vertraag kan word weens 'n omgewingsimpakstudie wat gedoen moet word insake die inheemse fona en flora wat die volle spandering van MIG-fondse bedreig.

BESLUIT

Dat die aangehegte 2016/2017 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.5 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 FEBRUARIE 2016 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee-vergadering gehou op 24 Februarie 2016, is met die sakelys gesirkuleer.

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en maak hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging. Daar is egter nie enige aanbevelings van die komitee in die betrokke notule waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

7.5/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 24 Februarie 2016.

7.6 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 JULIE 2016: ONTWIKKELINGSDIENSTE EN BESKERMINGSDIENSTE (4/1/1/2/1)

Die wysiging van die organisatoriese struktuur van die Departement: Ontwikkelingsdienste is genoodsaak deur die toepassing van die nuwe SPLUMA-wetgewing, terwyl dié van die Departement: Beskermingsdienste genoodsaak is deur operasionele vereistes. Beide wysigings word volledig in die verslag tot die sakelys gemotiveer.

BESLUIT (vir kondonering deur die Raad)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings van die organisatoriese struktuur van Ontwikkelingsdienste en Beskermingsdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2016, om deur die Raad by sy eersvolgende vergadering gekondoneer te word.

7.7 HERSIENING/OPDATERING VAN DIE VERORDENING INSAKE BRAND-VEILIGHEID (1/1/3/8)

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat die Verordening insake Brandveiligheid ingevolge 'n prestasie-indikator jaarliks hersien moet word.

Die betrokke verordening is op 11 Julie 2014 in Provinsiale Koerant, Nr 7285, afgekondig en vereis geen aanpassing nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die Verordening insake Brandveiligheid, soos goedgekeur in 2014, deur die Direkteur: Beskermingsdienste hersien is, en dat geen wysigings voorgestel word nie.

7.8 HERSIENING VAN DIE RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1)

Die doelstelling van die Swartland Rampbestuursplan is, onder andere, om toe te sien dat rampbestuur aandag geniet in die strategiese en operasionele beplanning van alle lynfunksies binne die Munisipaliteit. Verder, dat 'n geïntegreerde, spoedige en doeltreffende reaksie op noodgevalle en rampe deur alle belanghebbendes verseker word.

Die plan vereis dat daar jaarliks 'n hersiening en opdatering plaasvind om te verseker dat die korrekte inligting in die plan vervat word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die hersiende Rampbestuursplan, 2016 asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering (*risk reduction*);

(b) Dat die komitee die hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedkeur, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

(c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Ramp-bestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.9 WYSIGING VAN GESKENKBELEID (4/2/B)

Die Raad het met ingang van 1 September 2010 'n Geskenkebeleid aanvaar wat op alle munisipale werknemers van toepassing is.

Die Nasionale Tesourie het gedurende Maart 2016 'n MFMA Omsendbrief 82 uitgereik wat vereis dat al die sfere van regering bepaalde kostebeperkende maatreëls moet implementeer. Die omsendbrief bevat ook riglyne met betrekking tot die aanbieding van geskenke en memorabilia deur of namens die munisipaliteit, wat die wysigings in die Geskenkebeleid noodsaak.

Die gewysigde Geskenkebeleid en gepaardgaande delegasies is tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die gewysigde Geskenkebeleid goedgekeur word met onmiddellikke effek, asook die delegasies voortspruitend daaruit.

7.10 VOORGESTELDE HUUR VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 483, MALMESBURY VIR PARKEERDOELEINDES: SA POSKANTOOR (12/1/2-8/7)

Vandat die tegniese personeel in die Pep Stores-gebou gehuisves word, word probleme deur die betrokke amptenare ondervind om parkering in die sentrale besigheidskern te kry. Die werk van hierdie amptenare is van so 'n aard dat hulle gereeld die kantoor moet verlaat om buite die kantoor sekere take en funksies te verrig.

Om te verseker dat daar op 'n gegewe tydstip en op 'n gegewe plek genoegsame parkering vir die tegniese personeel beskikbaar is, is daar met die Poskantoor in verbinding getree om 'n gedeelte van die ongebruikte area op die h/v Mark- en Piet Retiefstraat te bekom om parkeerruimtes te skep.

Die aangeleentheid is etlike kere op die bestuurspanvergadering bespreek, en is daar besluit om die aanbod vanaf die Poskantoor na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te verwys vir oorweging.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat ‘n gedeelte van erf 483, Malmesbury van die SA Poskantoor gehuur word vir die daarstel van elf parkeerareas vir benutting deur die Munisipaliteit, vir ‘n periode van drie jaar met ingang vanaf 1 Julie 2016 en wel ten bedrae van R2 035,00 per maand, BTW uitgesluit vir Jaar 1 (2016/17), onderhewig aan ‘n jaarlikse eskalasie van 8%;

(b) Dat die huurgeld en deposito wat ten opsigte van Jaar 1 (2016/17) betaalbaar is teen posnommer 17-04-52-00-2495 verreken word, met dien verstande dat die tekort vanuit besparings in die 2016/17 bedryfsbegroting gefinansier sal word, of by wyse van die 2016/17 aansuiweringsbegroting aangesuiwer word;

(c) Dat die voorsienings vir Jaar 2 en Jaar 3 in die 2017/18 en 2018/19 begroting dienooreenkomstig aangesuiwer sal word;

(d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die ooreenkoms met die SA Poskantoor namens die Munisipaliteit te mag onderteken.

7.11 VASTE BASIESE VERGOEDING VIR DIE 24-UUR ENGEN VENDORPUNT IN MALMESBURY, ASOOK VERGOEDING AAN GESELEKTEERDE VENDORPUNTE VIR DIE UITDEEL VAN VULLISVERWYDERINGSAKKE AAN DEERNISHUISHOUDINGS (5/8/1)

Die verslag insake voormelde het ten doel om die betaling aan die vendorpunt reg te stel.

7.11/...

Engen, Malmesbury is 'n 24 uur dienspunt en een van die vendorpunte van Swartland Munisipaliteit waar lg. se kliënte 24 uur toegang het om voorafbetaaltipe elektrisiteit aan te koop, en dien ook as 'n verspreidingspunt van vullissakke vir deernishuishoudings.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die betaling van ’n vaste basiese vergoeding vir die bedrag van R2 500.00 (BTW uitgesluit) per maand aan die 24 uur vendorpunt, Engen, Malmesbury;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die betaling van ’n vaste basiese vergoeding vir die bedrag van R500.00 (BTW uitgesluit) per maand aan die geselekteerde Vendorpunte vir die verspreiding van vullisverwyderingsakke aan deernishuishoudings.

7.12 AFSKRYWING VAN GESUIWERDE RIOOLWATERHEFFING TEN BEDRAE VAN R89 886.11 VIR DARLING GHOLFKLUB – JUNIE 2016 (5/7/1/1)

Met die konstruksie van die nuwe rioolwerke in Darling, is 'n mondelingse ooreenkoms met Darling Gholfklub aangegaan om van lg. se opgaardamme te gebruik om oortollige afloopwater vanaf die rioolwerke te berg, wat die gholfklub vir besproeiingswater kon aanwend.

Die afloopwater het nie voldoen aan die wetlike vereistes nie, en verder het Darling Gholfklub nie al die water benodig vir besproeiingsdoeleindes nie. Daar is gevolglik besluit dat geen heffing t.o.v. van die normale heffing vir beskikbaarstelling van besproeiingswater aan Darling Gholfklub gemaak sal word nie, aangesien beide partye sou baatvind by die reëling. Daar is egter voortgegaan om die heffing te maak.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die bedrag van R89 886.11 (soos per aangehegte opsomming) afgeskryf word in die lig van bogenoemde, en as krediet teen Darling Gholfklub se rekening geplaas word.

7.13 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD, JUNIE 2016 – DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R1 615 137.45 EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE TEN BEDRAE VAN R842 082.31 (5/7/1/1)

Die skedules tot die sakelys bevat die oninvorderbare skuld t.o.v. deernishuishoudings, sowel as ander oninvorderbare skulde.

Die voorsitter noem dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede tans in proses is om die lyste deur te werk, en sal die werklike bedrag afgeskryf op 'n latere stadium aan die komitee voorgelê word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1,615,137.45 ten opsigte van deernishuishoudings afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R842,082.31 ten opsigte van ander uitstaande debiteure afgeskryf word as oninvorderbaar;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die

7.13(c)/...

Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat, verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat, verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering van die komitee voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling besoeke aan die deernishuishoudings bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om ook die installeering van die Aqua-loc waterbeheermeganisme-stelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende kredietbeheer toe te pas.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: MONITERING EN ANALISERING VAN DRINKWATER MONSTERS VOLGENS VOORSKRIFTE IN SANS 241:2015 (16/3/1/5)

Die Raad het tydens 'n raadsvergadering gehou op 30 Maart 2016 beide die Water Dienste Ontwikkelingsplan en die Water Veiligheidsplan goedgekeur vir implementering.

Een van die vereistes van die planne, is die lewering van veilige drinkwater geskik vir menslike gebruik. Die water vanuit die Munisipaliteit se waternetwerk moet dus gereeld ingevolge die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde, SANS241:2015, getoets word.

Toepaslike geakkrediteerde laboratoriums moet vir hierdie doel gebruik word, waarvan AL Abbott tans die enigste geakkrediteerde laboratorium in die Kaap is.

Die voorsitter noem dat daar appèl aangeteken is teen die uitslag van die Bloudruppel-verslag, aangesien die kwaliteit van drinkwater uitstekend is in die Swartland, maar desnieteenstaande is 'n swak Bloudruppel-uitslag ontvang.

7.14/...

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk is vir die monitering van drinkwater, omrede –

(i) Die firma, *AL Abbott and Associates*, tans die enigste toepaslike geakkrediteerde diensverskaffer is vir die lewering van die spesifieke diens;

(b) Dat kennis geneem word dat *AL Abbott and Associates* aangestel is vir die neem, hantering, vervoer en analisering van 'n totaal van 14 water monsters ten bedrae van R105 594.55 (BTW ingesluit) en dat die uitgawe aangegaan is teen posnommer 77-92-52-00-3660;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van artikel 32(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die geval met rede as nota by die betrokke finansiële state in te sluit.

7.15 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2016 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Mei 2016.

7.16 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.17 VOORRAADOPNAME, 2016 (4/1/1/2/1)

Die jaarlikse voorraadopname is geskeduleer vir Donderdag, 23 Junie 2016 by die hoof magasyn en skryfbehoeftestoor te Malmesbury, sowel as die elektriese stoor op Moorreesburg.

BESLUIT

Dat rdle R F van der Westhuizen, W Wilskut en M van Zyl (t.o.v. elektriese stoor op Moorreesburg) aangewys word om die voorraadopname op 23 Junie 2016 waar te neem, en dat daar stiptelik om 09:00 by die hoof magasyn te Malmesbury aangemeld word.

7.18 AANSOEK OM VERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die verlof van die Munisipale Bestuurder moet aan die Uitvoerende Burgemeesters-komitee vir oorweging voorgelê word.

Aangeheg tot die sakelys is die skedule van verlof, ook t.o.v. die ander direkteure, vir die Junie/Julie skoolvakansie.

Besluit/...

7.18/...

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende tydperk goedgekeur word, naamlik:

- 24 Junie 2016 tot 4 Julie 2016 (7 dae)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste sal waarneem.

7.19 ALTERNATIEWE GAPINGSDEKKING (ADDISIONELE MEDIESE VERSEKERINGSDEKKING) – *STRATUM BENEFITS* (4/7/5/1/3/R)

Tans het die personeel van Swartland Munisipaliteit slegs die opsie om aan AdmedGap te behoort vir gapingsversekering wat deur Alexander Forbes onderskryf word.

Stratum Benefits, voorsien ook gapingsversekering en bied aan lede 'n groter verskeidenheid van voordele en sluit bybetalings in vir prosedures by dokters of spesialiste se spreekkamers, dagklinieke en ander geregistreerde fasiliteite.

Stratum Gap Cover, word onderskryf deur al die mediese fonds makelaars wat vir Swartland Munisipaliteit goedgekeur is.

Aangeheg tot die verslag is 'n vergelykende skedule tussen die bestaande AdmedGap en Stratum Cap Cover en kan lede hul persoonlike dekkingsbehoeftes en finansiële posisie in ag neem wanneer 'n keuse uitgeoefen word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die implementering van die Stratum Gap Cover as 'n alternatief tot AdmedGap by Swartland Munisipaliteit.

7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES DEUR DIE OORWEGING VAN EEN KWOTASIE VIR DIE INSTALLERING VAN STRAATLIGTE GEDURENDE 2015/2016 (15/3/B)

Swartland Munisipaliteit het op 30 Maart 2016 'n bedrag van R5,000,000.00 (wat teen 30 Junie 2016 spandeer moet wees) vanaf die Departement van Energie ontvang vir projekte om energiedoeltreffendheid te verbeter.

Soortgelyke toekennings is gedurende die vorige finansiële jare ontvang en is energiebesparende projekte suksesvol geïmplementeer wat 'n jaarlikse besparing van ±2091 MWh bewerkstellig het. Hierdie besparing verteenwoordig ±R1,77 miljoen besparing per jaar gebaseer op die 2015/2016 gemiddelde elektrisiteitskostes.

Daar is reeds jaartenders by wyse van 'n openbare mededingingsproses vir die 2016/2017 finansiële jaar ingewin, en is daar twee tenders ontvang vir die installering van straatligte. Alhoewel daar vir die 2015/2016 finansiële jaar wel in die jaartender eenheidspryse aangevra is vir die installering van straatligte, is geen tenders in die verband ontvang nie.

Die 2016/2017 jaartenders is reeds toegeken, maar is dit die mening van die Voorsieningskanaalbestuurder en verteenwoordigers van die Ouditeur-Generaal dat die plasing van 'n bestelling voor 1 Julie 2016, beskou kan word as 'n afwyking van die voorsieningskanaalbestuursregulasies en dus as 'n afwyking deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Besluit/...

7.20/...

BESLUIT

(a) Dat kondonering verleen word vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures deur slegs een kwotasie van VE Reticulation Company te oorweeg ingevolge Klousule 36(1)(a)(v) van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid, nl. waar dit onprakties of onmoontlik is om die amptelike aanskaffingsprosesse te volg, vir die volgende redes:

(i) Aangesien die toekenning van die Departement van Energie op 30 Maart 2016 plaasgevind het en met inagneming van die omvattende ondersoeke en goedkeuringsprosesse wat die Departement van Energie vereis, sou dit onmoontlik wees om die projek te kan voltooi binne drie maande indien daar na projekgoedkeuring sou moes begin word met die formele verkrygingsproses en met inagneming van die vervaardigingstydperk van die straatligte van 4-6 weke. Die enigste moontlike en prakties uitvoerbare metode is om van die bestaande jaartenders gebruik te maak. Aangesien daar vir 2015/16 nie tenders ontvang is vir die installering van straatligte nie, is dit dus nie moontlik om van die metode gebruik te maak ten einde die projek gedurende 2015/16 te kan voltooi nie;

(ii) Alhoewel die afwyking gebaseer is op die oorweging van slegs een kwotasie, is die prys wat ingevolge die kwotasie aangebied word wel bepaal deur openbare mededinging en is die prys mededingend en billik;

(iii) Die kontrakteur VE Reticulation Company is reeds deur middel van ’n formele tenderproses aangestel vir die lewering van soortgelyke werk gedurende 2016/17;

(iv) Die kontrakteur VE Reticulation Company is tegnies in staat om die projek suksesvol te kan voltooi;

(b) Dat kennis geneem word dat VE Reticulation Company aangestel is vir die installering van straatligte teen die bedrag van R336 000.00 (BTW ingesluit) (R294 736.84 BTW uitgesluit) teen posnr. 828081904210;

(c) Dat in terme van Klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, die geval met rede as nota by die betrokke finansiële state waar van toepassing, ingesluit word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER